Die Emmaus gangers Lukas 4:13-35 dieBybel@Kinders

Kom ons lees die storie van die 2 Emmaus gangers. Sodra hulle vrolik of bly klink, maak ons ons gesiggies ook vrolik. Wanneer hulle hartseer of ongelukkig klink, maak ons ons gesiggies ook hartseer.

Twee mans loop saam met Jesus
13-16 Twee mans wat Jesus gevolg het, het op daardie Sondag besluit om terug te gaan na die dorp waar hulle gebly het. Hulle dorp se naam was Emmaus. Dit was twaalf kilometer van Jerusalem af. Hulle het gesels oor wat met Jesus gebeur het. Jesus het toe saam met hulle begin stap. Maar hulle het Hom nie herken nie.
17 "Wat loop julle so ernstig met mekaar en praat? Hoekom lyk julle so hartseer?" vra Jesus hulle.
18 Kleopas, een van die twee, sê vir Hom: "Het jy nie gehoor wat in Jerusalem gebeur het nie?"
19 "Wat het gebeur?" vra Jesus.
20-21 Hulle antwoord: "Jesus van Nasaret, 'n groot boodskapper van God, is Vrydag daar doodgemaak! Hy het wonderlike preke gehou en baie wonderwerke gedoen. Maar toe het die godsdienstige leiers Hom gevang. Hulle het Hom laat kruisig. Ons het so gehoop dat Jesus die Verlosser van Israel is. Maar Hy is al drie dae dood!
22-24 Vanoggend het ons ook nog ander nuus gehoor wat ons omgekrap het. 'n Klompie vrouens wat saam met ons vir Jesus gevolg het, was vanoggend daar by sy graf. Maar sy liggaam was weg. Hulle kom sê toe vir ons dat engele vir hulle gesê het Jesus lewe weer. 'n Paar ander mense het na die graf toe gegaan. Hulle het gesien Jesus se liggaam was nie meer daar nie."
25-26 Jesus sê vir hulle: "Ek kan nie glo julle geloof is so klein nie. Hoekom glo julle nie wat God in die Bybel sê nie? Weet julle nie dat die Messias eers moes ly voordat Hy na die hemel teruggaan nie?"
27 Toe het Jesus vir hulle verduidelik wat Moses en al die profete in die Bybel oor Hom geskryf het.
28-29 Later het hulle by Emmaus aangekom. Toe Jesus sê dat Hy verder moet stap, het die twee mans dadelik gesê: "Nee, bly asseblief vanaand by ons oor. Netnou is dit donker." Jesus het toe saam met hulle na hulle huis toe gestap.
30-31 Later, toe die aandete klaar was, het hulle by die tafel gaan aansit. Jesus vat toe die brood, sê vir God daarvoor dankie en deel dit aan hulle uit. Toe gaan die twee mans se oë oop. Hulle het Jesus herken. Maar voordat hulle nog iets kon sê, het Hy verdwyn.
32 "Dis waar! Hy lewe!" het hulle vir mekaar gesê. "Toe Hy netnou uit die Bybel met ons gepraat het, het ons hart sommer opgewonde geklop!"
33-34 Die twee mans het vinnig in die donker teruggegaan na Jerusalem toe. Toe hulle daar kom, is hulle na die plek toe waar die elf dissipels en die ander volgelinge van Jesus was. Maar voordat die twee mans iets kon sê, sê die apostels en die ander vir hulle: "Jesus lewe! Net nadat julle hier weg is, het Hy aan Simon Petrus verskyn. Petrus het die Here met sy eie oë gesien!"
35 "Ons het net sulke goeie nuus vir julle," sê die mans. Hulle vertel toe hoe Jesus saam met hulle gestap het en hoe hulle Hom herken het toe Hy die brood in hulle huis gebreek het.

Soms gebeur slegte goed met goeie mense. Jesus is doodgemaak, en dit is soms moeilik om te verstaan hoekom God so iets toegelaat het. Ons mag dalk mense vir wie ons baie lief is verloor deur ‘n ongeluk. Jou pa mag dalk sy werk verloor. Jou geliefde troeteldier mag dalk doodgaan. ‘n Natuurramp soos ‘n tornado of ‘n vloed (baie water) mag dalk jou huis beskadig of selfs heeltemal verwoes. Ons verstaan beslis nie wat God se plan vir ons in tye soos hierdie is nie, maar ons kan verseker weet dat God altyd by ons is, selfs wanneer ons harte heeltemal gebreek voel. Jesus het reg langs die twee mans gestap wat oppad na Emmaus was. So is hy ook altyd by ons, maak nie saak wat gebeur nie. Ons kan altyd bly wys omdat God altyd by ons is!

Pret aktiwiteite

Kom ons kyk of ons ook die pad na Emmaus kan kry?



T	B	V	M	E	E	D	E	P	R	E	Z	I	A	T
R	Y	B	M	O	S	L	E	W	E	I	V	K	B	B
A	B	Q	T	W	K	O	V	I	N	S	B	D	A	R
V	E	D	C	H	R	I	S	T	U	S	F	A	E	O
O	L	E	A	M	E	L	A	S	R	J	U	E	R	O
P	L	T	T	V	M	B	C	K	F	A	S	G	O	D
G	E	I	W	B	T	A	D	L	K	E	B	B	K	C
E	M	N	A	L	T	W	E	E	O	U	V	K	J	T
W	M	G	A	N	O	I	T	O	A	S	R	E	E	V
O	A	C	L	E	G	E	S	P	R	E	K	L	S	R
N	U	P	F	Y	A	D	D	A	R	I	H	T	U	P
D	S	P	Z	M	P	M	E	S	S	I	A	S	S	J
E	S	C	P	I	R	E	R	U	T	S	B	G	V	B
F	A	L	J	E	R	U	S	A	L	E	M	P	J	I
T	N	B	K	B	V	E	R	S	K	Y	N	S	D	D

Kleopas

Christus

Gesprek

Emmaus

God

Jerusalem

Jesus

Bybel

Twaalf

Twee

Messias

Brood

Opgewonde

Bid

Lewe

Verskyn